Citrus Growers Association (CGA)

# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (01/10)*

*Justin Chadwick (8 Januarie 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*Be always at war with your vices, at peace with your neighbors, and let each new year find you a better man." Alfred, Lord Tennyson 1850*

**WENS JUL 'n FANTASTIESE 2010 TOE – MAG AL JUL DOELWITTE REALISEER EN JUL WENSE WAAR WORD.**

## 2010

In Mei 2004 het Suid-Afrika asem opgehou toe Sepp Blatter die naam "Suid-Afrika" vanuit die koevert getrek het wat die gasheer vir die 2010 Wêreldbeker aangekondig het – en toe het dit so ver in die toekoms gelyk; nou is dit op ons. Dit gaan 'n baie belangrike jaar vir Suid-Afrika wees, 'n geleentheid vir die land om te uit te blink en vir nasiebou – kom ons gryp die geleentheid aan en maak 2010 Suid-Afrika se jaar. Die Wêreldbeker gaan baie uitdagings inhou – veral met betrekking tot ons eie vervoer-reëlings en ook vir die vervoer van ons vrugte na die hawens. Mitchell Brooke is hard aan die werk om inligting te bekom oor die beplanning van watter paaie afgesper gaan word asook ander Wêreldbeker planne wat 'n impak op die beweging van sitrus na die hawens mag hê. Vroeg in 2010 sal hy vergaderings en werkswinkels hou om te verseker dat die beweging van vrugte so min as moontlik verontwrig sal word en ook om die bedryf ingelig te hou. Dit sal ook tydens die CGA Road shows wat in Februarie en Maart 2010 gehou gaan word, bespreek word.

CGA en Buzz Communications het ver met die voorbereidings vir die Globale Sitrus Konferensie (8-9 Julie 2010 in Kaapstad) gevorder. Ek wil graag almal in die sitrusfamilie wat beplan om van die oorsese besoekers vir die Wêreldbeker te ontvang, versoek om hierdie konferensie by hul beplanning in te sluit.

## SHAFFE/FRESHFEL SITRUS TELEFOON-KONFERENSIE

Gedurende Desember het SHAFFE en FRESHFEL 'n globale telefoonkonferensie gehou. Deelnemers het handelsverteenwoordigers vanaf die VSA, China, VK en Duitsland sowel as verskaffers vanaf Marokko, Spanje, China, Argentinië, Peru, Uruguay en Suid-Afrika ingesluit. Weereens het die moderne telekommunikasie my verstom – vanaf ons kantore in Hillcrest was ons in verbinding met al hierdie verteenwoordigers terwyl ons sake van gemeenskaplike belang bespreek – dink net die besparing aan tyd en reise!!!

Die Spanjaarde het 12% meer **lemoene** vir uitvoer gerapporteer, met nawels en laat nawels wat vroeër (2 tot 3 weke) as laas jaar gaan wees. Marokko het gesê daar sal minder lemoene vir uitvoer beskikbaar wees as gevolg van laer produksie en 'n sterk plaaslike aanvraag. Italiaanse produksie het herstel – lemoene is met 68% op vanaf die swak 2008/9 seisoen. Turkse lemoenproduksie en uitvoere word verwag om dieselfde as laas jaar te wees. Vroeë pryse vir lemoene in die VK en Duitsland was beter as in die ooreenstemmende tyd die vorige jaar.

Spanje verwag 20% minder clementines terwyl die Marokkaanse **sagte sitrus** se skattings op 'n 50% afname dui. Sagte sitrus van Turkye sal met 15% af wees en uitvoere 8% minder. As gevolg hiervan was pryse 20 tot 25% beter as in 2008/9.

Tot en met die einde van Desember was Spaanse **suurlemoenuitvoere** met 10% af. Die 27% toename in Turkse suurlemoenproduksie en 'n 9% toename in uitvoere het dit egter uitgebalanseer. Die VK se mark vir suurlemoene is gebalanseerd met goeie pryse, terwyl die marktoestande in Duitsland bietjie moeiliker is – met handelaars wat sukkel met die skuif van volumes.

Voorspellings van Israel is dat daar 'n toename in die **pomelo** oes in 2010 gaan wees – met hul hoof pakperiode vanaf Februarie tot April. Die verwagting is dat Turkse pomelos aansienlik gaan toeneem, alhoewel vanaf 'n klein basis. Tot en met Desember is die VK se mark vir pomelos as "bestendig" beskryf met goeie waarde en geen verrassings nie. Die Duitse mark vir pomelos is as "gemiddeld" beskryf. Die verslag het aangedui dat toestande in Rusland moeilik is met groot volumes wat deur swak aanvraag in die gesig gestaar word, wat moeilike tye veroorsaak.

Die volledige verslag is op www.cga.co.za beskikbaar.